



JULIE 2019

086 133 3786

012 001 8787

akademie@akademie.co.za

www.akademie.co.za

Engelenburghuis, Ziervogelstraat 574, Arcadia, Pretoria

Privaat sak X11, Arcadia, 0007

AKADEMIEBEURSE VIR MAGISTER- EN DOKTORALE STUDIE GESKRYF IN AFRIKAANS



Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns stel weer 'n beperkte getal ruim beurstoekennings beskikbaar vir die 2020 akademiese jaar vir magister- en doktorsale studie in enige studierigting geskryf in Afrikaans. Geskikte kandidate word hiermee uitgenooi om laatstens teen 31 Augustus 2019 vir hierdie nagraadse beurse aansoek te doen.

Wat is die waarde van hierdie beurse?

Magisterstudiebeurse word tot 'n maksimum van R60 000,00 toegeken en doktorsalestudiebeurse tot 'n maksimum van R120 000,00 (die bedrae word bepaal deur die beskikbaarheid van fondse).



Wat is die vereistes vir hierdie beurse?

1

'n Verhandeling of proefskrif in enige vakdissipline moet in Afrikaans geskryf en ingedien word vir eksaminering. Vertalings uit 'n ander taal word nie aanvaar nie.

2

Kandidate moet vir die volle duur van die studie geregistreer wees by die universiteit.

3

Kandidate mag nie die maksimum tydperk van onderskeidelik drie jaar (magisterstudie) en vier jaar (doktorsale studie) ná die eerste registrasiedatum oorskry nie.

4

Beurshouers is verplig om, **na afhandeling van die betrokke studie**, 'n artikel volgens die riglyne van of die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* of die *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie* vir moontlike publikasie voor te lê.

5

Indien die beurshouer nie aan die **gestelde** vereistes voldoen nie tree 'n leningsooreenkoms in werking waarop die beursfonds onmiddellik aan die SA Akademie terugbetaal moet word.

6

Die SA Akademie se finansiële ondersteuning moet in die verhandeling of proefskrif erken word en 'n eksemplaar van die studie moet aan die Akademie beskikbaar gestel word.



1 Aansoekvorms is beskikbaar by die Akademieskantoor by beurse@akademie.co.za of op die SA Akademie se webblad by www.akademie.co.za

2 Aansoeke moet die SA Akademie bereik vóór of op **31 Augustus 2019**.

Wat moet saam met die aansoekvorm ingedien word?

- 1** Bewys van registrasie aan 'n Suid-Afrikaanse universiteit
- 2** 'n 10-15 bladsy opsomming van die studie of navorsingsvoorstel
- 3** 'n 3-5 bladsy uiteensetting van die relevansie van die beoogde studie
- 4** Aanbeveling van die studieleier of promotor
- 5** Benaderde begroting en verslag van alternatiewe en bykomende finansiering en/of beurse

Wanneer word die uitslag van die aansoek bekend gemaak?

Kandidate word aan die begin van Desember 2019 ingelig oor die beslissing van die beurskomitee.

Hoe geskied die uitbetaling van 'n beurs?

- 1** Uitbetaling is onderhewig aan die aanvaarding van die beurs en die ondertekening van 'n leningsooreenkoms wat slegs van krag word indien beurshouers nie hulle studie voltooi nie.
- 2** Die eerste helfte van die beurs word in April 2020 uitbetaal nadat 'n 2020-registrasiebewys en die getekende ooreenkoms deur die SA Akademie ontvang is.
- 3** Die tweede en laaste betaling word in September 2020 uitbetaal nadat 'n bevredigende vorderingsverslag van die beurshouer se promotor of studieleier ontvang is.
- 4** Beurshouers moet 'n borgsteller aanwys wat verantwoordelik sou wees vir die terugbetaling van die beursgeld sou die student nie kan nie.



Vir meer inligting i.v.m. die beurse kontak Melanie Rens by beurse@akademie.co.za

Die oogmerke van die Akademie as multidisiplinêre organisasie is die bevordering van die wetenskap, die tegnologie en die literatuur in Afrikaans en die kunste, asook die bevordering van die gebruik en gehalte van Afrikaans, primêr binne Suid-Afrika.

